SHELLEY POINT NUUS

'n Gemeenskapsnuusbrief wat daarop gemik is om samehorigheid, openheid en die verspreiding van inligting by Shelley Point te bevorder.

Vertaal deur Neels Kornelius

Lente 2020

VAN DIE REDAKTEUR:

Goeiedag almal,

Dis moeilik om te glo dat nog drie maande van 2020 verby gevlieg het te midde van al die trauma en onsekerheid van die pandemie. Covid-19 het veroorsaak dat honderde werksgeleenthede in en om Shelley Point bedreig word. Gelukkig is baie van ons, wat bevoorreg is om hier te kan woon, afgetree en het ons nie nodig om te bekommer dat ons dalk ons werk en huise kan verloor, of hoe om kos op die tafel sit nie. Maar dink 'n bietjie aan dié in ons gemeenskap wat nie so gelukkig is nie en, as jy nog nie betrokke is nie, ondersteun een van die plaaslike voedselhulpprojekte of die kerkgroepe wat kos, komberse en klere aan die behoeftiges versprei. En, waar dit moontlik is, gaan uit jou pad om plaaslike besighede te ondersteun. Baie van hulle sukkel om die verliese wat tydens die inperking gely is, te verhaal en aan die gang te bly. Restaurante en spyseniers is veral erg getref en kan nou weer ondersteun word. Help hulle dus deur daar te gaan eet of wegneemetes te bestel. Onthou: *local is lekker*. En dis nêrens so lekker as in Shelley Point nie! Kom ons probeer dit so hou.

Die week van protesaksie vroeg in Augustus het ons almal erg ontstel. Uiteindelik het die belanghebbendes kon byeenkom om die probleme van die gemeenskappe van Stompneusbaai, Steenberg Cove en Laingville te bespreek en ons kan net vertrou dat die rus en vrede in St Helenabaai vir eers herstel is. Ons kan met groot dank melding maak van die rol wat ons sekuriteitspan gespeel het om ons landgoed veilig te hou en te verhoed dat die protesteerders vuurversperrings aanbring by die ingange na Shelley Point. Ons dank verder ook aan die baie inwoners van Shelley Point wat elke dag onvermoeid gewerk het om seker te maak dat mense wat weens noodsituasies na Vredenburg moes gaan, veilig oor plaaspaaie verby die gevaarpunte kon ry. Baie dankie, ons waardeer julle!

Waar 2020 tot dusver soveel slegte nuus ingehou het, was dit wonderlik om te kan waarneem dat Moeder Natuur hierdie jaar in Julie haar kant gebring het met heerlike reën. As gevolg daarvan geniet ons nou 'n uitsonderlike blommeseisoen en die padreserwes en heuwels is oortrek met blomme. Verder was die sonsopkomste en sonsondergange van die laaste drie maande iets om te aanskou en is ons weereens herinner aan die skoonheid van die plek waar ons mag woon.

Waar ons nou die lente verwelkom, hoop ek dat julle almal die Koronavirus-storm suksesvol hanteer het en dat ons nou met hernude hoop en 'n positiewe gesindheid na die laaste kwartaal van hierdie jaar kan uitsien.

Bly veilig asseblief,

Terry

VAN DIE VOORSITTER (Carlos Gomes):

Waar ons nou die einde van die huidige boekjaar (2019/20) nader, wil ek julle graag inlig oor die gebeure in die afgelope kwartaal, maar ook vooruitkyk na die volgende paar maande.

TERUGBLIK:

- **Finansiële resultate** vir die derde kwartaal van die huidige boekjaar (1 April tot 30 Junie):
  - *SPHEV*: Werklike oorskot R977.5K teenoor 'n begrote oorskot van R457.3K.
  - *S&SC*: Werklike oorskot R151.6K teenoor 'n begrote oorskot van R68.1K (Dit ten spyte van 'n verlies van inkomste van R150K omdat die Klub en die kroeg moes sluit.)

  Hierdie surplusse is die resultaat van streng kostebeheer deur die bestuur en sal ons in staat stel om voort te gaan met projekte wat nodig is om die landgoed verder te verbeter. Ons sal, soos altyd, die nodige inligting deurgee.
- **Die Omgewingskomitee** maak goeie vordering met die wildekatte-probleem, maar die skakeling met die visfabrieke behaal tans gemengde resultate. Meer hieroor later in hierdie nuusbrief.
- **Sekuriteit:** Details van sommige van die stappe wat geneem is om ons landgoed se sekuriteit verder te verbeter, volg later.
- **Agterstallige heffings:** Hierdie probleem, wat reeds baie jare duur, is steeds met ons. Daar is ongeveer 200 eienaars waarmee ons hier te doen het, met 40 van hulle wat vir 72% van die totaal aanspreeklik is (dit sluit rente en regskoste in).
  Die Trustees het hierdie situasie aangespreek deur hierdie probleem 'n *fokusarea* te maak vir hierdie jaar en het met die skuldinvorderaars onderhandel sodat hulle fooie voortaan op resultate gebaseer sal wees in plaas van aktiwiteite. Positiewe resultate begin nou deurkom, met verskeie wanbetalers wat groot agterstallige bedrae vereffen het, en 'n rekordaantal 'verkope-in-eksekusie' in die howe (ten spyte van Covid-19-verwante vertragings).

  Die Trustees onderhandel tans ook met 'n finansiële instelling oor die verdiskontering van die skulde van die ergste oortreders en sal later weer met lede hieroor skakel.

  En, ten laaste oor hierdie onderwerp, maak ek graag van hierdie geleentheid gebruik om die oorgrote meerderheid van ons lede, wat hulle verpligtinge getrou nakom, te bedank.

EN VORENTOE:

- **Die begroting:**
  Teen die tyd wanneer hierdie nuusbrief uitgestuur word, sal ons reeds die laaste maand van die huidige boekjaar (September) betree het. Op 1 Oktober begin die nuwe boekjaar en kyk ons vooruit na die Algemene Jaarvergadering vir 2020. Die Trustees het reeds met die begrotingsproses begin om die beplande bedryfsuitgawes en kapitaalprojekte te kan verskaf vir die volgende tydperke:
  - FJ20-21:
    - Begroting vir Oktober tot Desember 2020 (reeds goedgekeur by die 2019 AJV).
    - Begroting vir Januarie tot September 2021 (vir goedkeuring by die 2020 AJV).
  - FJ21-22:
    - Begroting vir Oktober tot Desember 2021 (vir goedkeuring by die 2020 AJV).
    - Begroting vir Januarie tot September 2022 (vir langtermynbeplanning).
  - FJ22-23: Oktober 2022 tot September 2023 vir langtermynbeplanning.

  Beginsels gebruik in die begrotingsproses:

  - 'Zero-basis'-metode.

- Verhogings van die heffings laer as VPI.
- Sport- en Sosiale Klub moet selfonderhoudend word op die langer termyn.
- Groot kapitaalprojekte word uit opgehoopte reserwes befonds.
- Gaan voort om kapitaaluitgawes in die toekoms deur begrote oorskotte te befonds.

- **Die 2020 AJV:**

  In die lig van die huidige omstandighede, skakel die trustees tans met tegniese diensverskaffers om 'n 'hibriede'-vergadering te kan hou – d.w.s. met beperkte bywoning (soos deur die regulasies toegelaat) en die meerderheid wat inskakel d.m.v. 'n webgebaseerde toepassing.

  As voorloper vir die AJV, ondersoek ons die moontlikheid om 'n raadgewende seminaar te hou om sekere voorstelle te bespreek en die reaksie van lede daarop te verkry. Dit sal ook met beperkte bywoning moet plaasvind met inskakeling d.m.v. die internet. Meer besonderhede sal binnekort aangekondig word.

  Die SPHEV konstitusie bepaal dat deelname aan al hierdie byeenkomste beperk word tot daardie lede wie se heffings ten volle op datum is.

"Opkoms van die maan" - van Henri

HUISEIENAARS AAN DIE WOORD: Rion skryf, "*I would like to call your attention to the article in the attached link, although reported in easy-read format by a journalist, based on scientific research, with regard to the threat to ground foraging birds and rodents by cats. What is not commonly understood or simply ignored is the threat to predators such as indigenous cat species, barn owls, cape and spotted eagle owls that depend on rodents such as shrews, pygmy mice, gerbils and various mice such as striped mice which we often see at Shelley Point, being outcompeted by domestic cats.*

We have noticed a decline in the number of wagtails, young cape pheasant raised and a drastic decline in owl species, as domestic and feral cats roaming Shelley Point, increased over the years. Having cats sterilized have no effect whatsoever other than reducing reproduction and the impact on the environment continues until the animal dies of old age or other causes. Feeding schemes such as we have noticed at Shelley Point only serve to maintain domestic and feral populations in good health with the ability to live longer and hunt more effectively. Studies in Australia and the UK have shown that domestic and feral cat populations pose an immense threat to the survival of indigenous predators and steps are being taken to remove/reduce populations at conservation management levels in these countries. https://allafrica.com/stories/202008040226.html

Antwoord van die redakteur: Dag Rion, Die probleem met die wilde katte het al heftige reaksie uitgelok van ons inwoners met menings wat sterk verskil oor die verskillende metodes van beheer. Vir die huidige, gebaseer op advies van die owerhede en dierewelsynorganisasies, is die vang-steriliseer-vrylaat-opsie ons

voorkeur. Hierdie benadering is egter geensins verpligtend nie en behoort herevalueer te word soos omstandighede verander of nuwe inligting beskikbaar kom. Die Trustees is altyd gewillig om die menings van ons lede in ag te neem en van nuwe gedagtes gebruik te maak.

Twee nuwe opnames van Shelley Point - deur Charmaine

SEKURITEITSVERSLAG (Henry Edmunds):

Opgradering van toerusting: 'n Sorgvuldige risiko-ontleding is onlangs uitgevoer deur 'n onafhanklike professionele sekuriteitsmaatskappy om die doeltreffendheid van ons stelsel te evalueer. Hulle belangrikste aanbeveling was dat ons die bestaande kameras opgradeer en die stelsel verbeter deur addisionele kameras aan te bring by die oostelike (Agterbaai) en westelike (Britanniabaai) strandfronte. Die huidige kameras is nog net-net voldoende, maar nuwe toerusting gee beter beeldkwaliteit en kan beweging beter bespeur.

Voordat ons ons egter tot groot uitgawes verbind, het ons kon reël dat drie kameras gratis geïnstalleer word op 'n proefbasis vir een maand. Ons sal dus gedurende die volgende maand die prestasie van hierdie toerusting onder verskillende weerstoestande en liggehalte beoordeel om te probeer vasstel of die nuwe kameras wel ons stelsel sal verbeter. As dit presteer soos verwag, sal ons voortgaan met die implementering van die aanbevelings wat gemaak is. Dis die moeite werd om aan te dui dat die maatskappy wat die aanbevelings gemaak het, nie ook die kameras sal verskaf nie!

Wanneer die opgegradeerde stelsel eers in bedryf is, sal ons eienaars welkom wees om die beheerkamer te besoek en te kom kyk hoe dit werk. Dit kan by ons Sekuriteitsbestuurder, Daniel Plaatjies gereël word deur hom te skakel by 082 615 4883. (‘n Maksimum van vier persone per besoek word toegelaat.)

‘n Verder swak punt is die heining by die westelike grens. Hiervoor word verskeie opsies ondersoek en ‘n voorstel sal vir oorweging aan die komende AJV voorgelê word.

Hou intussen maar die oë oop en rapporteer alles wat nie normaal lyk nie aan Sekuriteit. Saam kan ons Shelley Point veilig hou.

Verslag oor ‘n insident: Dit spyt ons om te moet rapporteer oor ‘n inbraak by een van die tuishuise vroeg in Augustus. Dit is ontdek deur die eienaar by sy tuiskoms na afwesigheid van ‘n maand. Die saak is by die SAPD gerapporteer en word nog ondersoek. Hierdie huis het nie oor ‘n alarmstelsel beskik nie en ons beveel aan dat eienaars, wat nie reeds daaroor beskik nie, in so ‘n stelsel belê, veral vir eiendomme wat soms vir lang tye nie bewoon word nie.

Verder doen ons ‘n beroep op alle inwoners om waaksaam te bly en alle verdagte bedrywighede aan te meld by Sekuriteit by 022 742 1380 of 022 742 1888.

Soos ‘n regte skildery – deur Daniel

OMGEWINGSAKE

A. Lugkwaliteit en waterbesoedeling (Billy Steenkamp):

Ongeag die heersende noordwestewinde, wat gewoonlik verhoed dat Shelley Point in Junie en Julie te erg blootgestel word aan ergste stank, ondervind ons steeds erg onaangename reuke. Daarom het ons nou ‘n webgebaseerde verslagprosedure ingestel waar insidente gerapporteer kan word. Hierdie prosedure sal dit baie makliker maak vir inwoners om klagtes aan te meld en, meer belangrik, maak voorsiening vir ‘n formele en gestandaardiseerde metode waardeur die betrokke fabrieke en owerhede daarvan in kennis gestel word.

Die inwerkingstelling van hierdie werkswyse het reeds dividende begin afwerp deurdat *Lucky Star* begin reageer het met ‘n erkenning dat die uitlaat van hulle skoorstene in die jongste tyd by die boonste vlakke van die toelaatbare besoedelingsvlak omgedraai het, wat hulle geforseer het om hulle toerusting skoon te maak. Inwoners word dus aangemoedig om hierdie werkswyse goed te benut met geldige klagtes, want die hoeveelheid geldige klagte, veral oor die onaangename reuke, sal uiteindelik resultate lewer.

Die betrokke vorms vir die indien van klagte oor lug- en waterbesoedeling kan gevind word by: https://sphoa.co.za/Air-Pollution-Incident-Report/ en by: https://sphoa.co.za/marine-pollution-incident-report/.

Die SPHEV Omgewingskomitee skakel steeds daadwerklik met die visfabrieke en die betrokke owerhede om lug- en watergehalte te probeer verbeter. Een-op-een-vergaderings is aangevra met verteenwoordigers van *Lucky Star, Oranjevis* en *West Point.* Die laaste twee instansies het die versoek geweier en beweer dat ons probleme kan te berde bring in die openbare forums vir hierdie doel. Ons weet egter almal dat hierdie forums nie geskik is vir indringende bespreking van omstrede sake nie.

Lucky Star het ingestem tot 'n 'aanlyn'-vergadering, wat toe op 26 Junie 2020 gehou is. Ons voorsitter, Carlos Gomes, het die vergadering geopen met 'n verduideliking dat ons bereid is om op 'n beskaafde wyse met die visfabrieke te skakel en hulle, waar moontlik, te ondersteun met die verbetering van hulle prosesse sonder om hulle reeds wankelrige besigheid te ondermyn. Hy het hulle daarna gekonfronteer met 'n aantal laakbare feite (syfers, grafieke, foto's, wetenskaplike verslag) oor die waterbesoedeling in Stompneusbaai. Na 'n vriendelike debat het die fabriek erken dat daar 'n verband is tussen hulle aktiwiteite en die onaanvaarbare waterbesoedeling wat deur die tweemaandelikse monsterneming gemeet word. Hulle het ook erken dat daar probleme is met die uitvloeipyplyn, wat te klein ontwerp is en ook lek, en dat die uitvloei beter gesuiwer moet word voor dit uitgepomp word, die see in. Beide hierdie sake sal blykbaar aangespreek word in hulle begroting wat in Oktober voorgelê sal word. Ons kan maar net hoop dat hulle begroting goedgekeur sal word sonder om hierdie projekte te beïnvloed.

Ons is ook bly om te kan bekend maak tweemaandelikse watermonsters nou geneem word by Skelmbaai (aka Gert se kleinboothawe). Hierdie monsters sal *E.Coli* en *Enterococci* tellings verskaf wat ons sal help om vas te stel of dit veilig is om daar te swem. Dit is ook goeie nuus dat die pyplyn tog reeds help om besoedeling in Stompneusbaai te verminder, ten spyte van verskeie lekplekke.

Lucky Star oorweeg ook tans 'n begroting om die hoogte van hulle skoorstene te verleng. Dit behoort ook, as dit geïmplementeer kan word, die ongewensde reuke te verminder. Die lugbesoedeling is 'n lastige probleem, omdat ons nie tans 'n goeie wetenskaplike metode het om die vlakke van die onaangenaamheid te meet nie. Meting van die windrigting en die H_2S-vlakke in die lug kan help om die verband tussen besoedelingsvlakke, gesondheidsfaktore en die onaangename reuke te bepaal. Die meetstasie op Shelley Point meet hierdie data, maar behoort aan die owerhede, wat tot dusver ongelukkig geweier het om data aan ons beskikbaar te maak. Ons was genoodsaak om ons te wend tot 'n aansoek in terme van die Wet op Toegang tot Inligting en wag nog op die uitslag.

Vir die hede dus, sal die inwoners van Shelley Point maar die klompie welgestelde oorsensitiewe oumense, wie se neuse ingestel is op wyngeure (soos die visfabrieke ons beskou) moet bly. Maar daar is 'n hele aantal van ons, gaan dus maar voort met die klagtes!

B. Die beheer van die wilde katte op Shelley Point:

Die wilde katte op Shelley Point bly maar 'n emosionele aangeleentheid en die bespreking daarvan laat mense soms hulle goeie humeur verloor. In die breë gesien, is daar drie maniere om die probleem te benader.

1. **Verwyder al die katte:** Sommige mense bepleit dat ons van alle katte ontslae raak deur hulle te vang en te hervestig, hulle te skiet, deur gif te gebruik, of watter metode ook al.
2. **Beheer die aantal katte:** Ander mense soek na 'n meer menslike oplossing waar die getalle beheer word en die impak op die natuur beperk word.
3. **'n Kombinasie:** Gaan voort met die vang-sterilisasie-vrylaat-projek en ondersteun dit deur siek en van die jong katjies op 'n menslike manier te verwyder.

'n Vroulike kat wat gesteriliseer word

Dit is nie net onwettig om wilde katte dood te maak nie, *dit word algemeen aanvaar dat dit nie 'n goeie oplossing is in stedelike of semi-stedelike gebiede nie*. Katte is hoogs territoriaal en baie effektief met die verdediging van hulle gebied. Wanneer 'n kat dus verwyder word, laat dit dadelik sy gebied oop vir nuwe katte van buite om dit oor te neem, wat die probleem net laat voortduur.

Na eindelose, soms heftige, vertoë van voorstanders van die verskillende oplossings en met die nodige wetenskaplike, regs-, en professionele advies, het ons op die sg. 'VSV'-taktiek (d.w.s. vang, sterilisasie en vrylaat) vir Shelley Point besluit. Die doel is 'n kleiner, beter bestuurde wildekat-populasie, wat 'n kleiner impak op wilde roofdiertjies en hulle prooi sal hê. Hierdie taktiek kan goed werk, mits daarmee volgehou word en 'n sterilisasievlak van ongeveer 75% bereik word. Hierdie program kan ook ondersteun word deur die vang en hervestiging van katte op 'n menslike manier. Dit behoort hoofsaaklik op jong katjies toegepas te word. Verskeie dierewelsynorganisasies het aangedui dat hulle jong katjies sal inneem, omdat hulle makliker huise vir hulle vind.

Fase 1 van hierdie projek het op 26 Junie begin toe 'n sterilisasiedag op Shelley Point gehou is in samewerking met die Longacres Dierekliniek, die Velddrif DBV en ander organisasies. Vooraf is dertien katte op verskillende plekke op Shelley Point gevang en in hokke geplaas in afwagting van sterilisasie. Een van hierdie is uitgesit omdat dit dodelik siek was, een was reeds gesteriliseer en een was nog te jonk. Die ander is gesteriliseer en losgelaat waar hulle gevang is. Terwyl tien sterilisasies na 'n druppel in die emmer mag lyk, word dit as 'n goeie begin beskou en sal ons die poging herhaal in die toekoms.

Terwyl ons vir hierdie projek voorberei het, en met die uitvoering daarvan, het dit duidelik geword dat 'n aantal enkelinge uit ons gemeenskap reeds baie werk gedoen het om die aantal katte te probeer beheer. Mense wat omgee vir die katte en hulle impak op die omgewing het stilweg en sonder om lof of vergoeding te verwag, katte gevang, laat steriliseer en vrygelaat OP EIE KOSTE. Ons beraam dat **ten minste vyftig en dalk meer reeds 'reggemaak' is** deur hierdie vrygewige persone en ons kan hulle net bedank vir hulle pogings, wat saam met die 'amptelike' projek, 'n groot verskil sal maak.

SPORT EN SOSIALE AANGELEENTHEDE:

'Sundowners'-byeenkoms: Die Sport- en Sosiale Klub bly gesluit in ooreenstemming met die COVID-19-regulasies. Terwyl ons land nou Vlak 2 van die inperkingsregulasies betree, kan dit dalk nou verander en ons sal huiseienaars daarvan op hoogte hou.

Gholf (John Huxted): Na ‘n wagtyd van tagtig dae, het GolfRSA op 12 Junie aangekondig dat gholfbane mag heropen. Die baan op Shelley Point is toe op 16 Junie heropen om die personeel die geleentheid te gee om die baan speelbaar te maak. Riglyne vir die protokol wat van toepassing moet wees om die veiligheid van personeel en die spelers te verseker, is ook bekendgestel.

‘n Beampte wat nakoming van die protokol moet verseker moes aangewys word en ek het ingewillig om dié rol te vervul. Ek het tot nou reeds twee opleidingsessies via ‘Zoom’ bygewoon. Dit was nogal heel interessant, veral ook omdat dit meegebring het dat baie klubs, van regoor Suid-Afrika, met mekaar kon skakel om die beste veilige omstandighede om gholf te speel te verseker. Ek wil alle lede, personeel en besoekers graag bedank dat hulle die aanbevole Covid-19-praktyke, wat seker nog vir geruime tyd met ons sal wees, so getrou nakom.

Op Saterdag 11 Julie is daar toe weer ‘n kompetisie gehou. Daar was nie ‘n groot opkoms nie, maar dit was hoofsaaklik weens die dreigende onweer en die weervoorspelling. Deelneming groei darem nou weer, en op 1 Augustus het 23 spelers deelgeneem. Die WhatsApp-groep vir lede maak die verslag oor die uitslae en die formaat van komende kompetisies baie makliker.

Soos reeds in die vorige nuusbrief vermeld, het die Gholfkomitee besluit om weg te beweeg van kontantpryse, wat teen die R & A-reëls indruis. Daar is besluit, ook a.g.v. die Covis-19-riglyne, om die pryse te vervang met koopbewyse om so die risiko met die hantering van kontant te verminder. Hierdie koopbewyse kan in die gholfwinkel en die kroeg gebruik word, of om baangelde en inskrywingsfooie te betaal. Dankie aan Norman en die personeel vir hul ondersteuning by die instelling van die koopbewyse.

Na sekere lede gekla het dat die huidige putjies nie toelaat dat die bal behoorlik in die gat val nie, is besluit om balligters aan te koop vir die baan en die oefensetperk. Dit sal toelaat dat balle herwin kan word met net die gebruik van ‘n setstok.

Dis met leedwese dat ons moet meld dat ons ons baanopsigter, Greg Hair verloor het. Hy het ‘n beroerte gehad en ongelukkig nie herstel nie. Greg sal erg gemis word en ons betuig graag ons simpatie met sy familie en vriende.

Rolbal (Liz Roberts):

Uiteindelik kan ons weer rolbal speel, al is dit dan onder ‘n klomp voorwaardes en met maskers. Dit was heerlik om uit te kom in ons pragtige sonskyn en weer te kan oefen. Ons mag elke dag rolbal speel, maar ons het gereël vir twee sessies van 10h00 tot 13h00 en weer van 14h00 tot 17h00. Die tyd tussenin word gebruik om die toerusting en toilette te ontsmet voor die volgende sessie.

Skakel die gholfwinkel by 022 742 1037 om te bespreek. ‘n Lys met die verlangde protokol word by die winkel en by die baan vertoon. Neem kennis dat ‘n laan oopgehou moet word langs elke laan wat gebruik word, en dat net vier spelers per laan toegelaat word. Verder mag daar nooit meer as twaalf spelers op die baan wees nie, dus is daar net drie lane in gebruik. Maar geniet die spel!

Kajakroei (Liz Roberts):

Tydens die AJV verlede jaar het ‘n hele paar huiseienaars versoek dat meer sportsoorte ondersoek word, veral dié wat die natuur en die fasiliteite in en om Shelley Point beskikbaar, kan benut. Daar is toe gedink aan kajakroei as ‘n opsie en aan hengel. Twee kajakmaatskappye is gekontak, een in Kaapstad en een in

Langebaan en 'n e-pos is uitgestuur aan alle huiseienaars om die vlak van belangstelling te toets. Net twee reaksies is ontvang, maar toe het Covid-19 en die inperking gekom en was daar nie meer vordering nie. Intussen het egter nou die gunstige situasie ontstaan dat ons nou die dienste van Billy Fisher, wat nou in Shelley Point woon, kan aanbied. Hy was nege jaar lank daagliks betrokke by kajakroei in Kaapstad as gids vir plaaslike en internasionale toergroepe, toe hy vir 'n bekende kajakmaatskappy daar gewerk het as hul bedryfsbestuurder en groepe van tot 120 deelnemers bestuur en begelei het.

Billy het aangebied om veilige kajakroei-omstandighede te skep vir sowel inwoners as besoekers deur roeiers in die Shelley Point area te begelei onder beheerde omstandighede. Daar sal vir eers twee volledig toegeruste dubbelkajaks beskikbaar wees vir mense sonder kajaks. Reddingsbaadjies sal ook verskaf word. Vir veiligheidsredes sal onbegeleide gebruik van die kajaks nie toegelaat word nie. Inwoners met hul eie kajaks sal by die uitstappies kan aansluit. Uitstappies kan op aanvraag gereël word teen R350 per persoon, wat die huur en die begeleiding insluit en ongeveer twee ure in beslag sal neem. 'n Pamflet met verder inligting sal by die gholfwinkel beskikbaar wees.

Brug (Terry Mackintosh):

Huidige regulasies bring mee dat alle brugklubs in die land gesluit moet bly. Die Weskaap Brug Unie het, in afwagting van 'n riglyn van die regering, voorgestel dat die brugklubs op 1 Januarie 2021 heropen.

DIE LEWE IN SHELLEY POINT:

Reënval en damvlakke:

Volgens Henri Roux, wat rekord hou van die reënval, het ons 'n totaal van 23 mm ontvang in die tydperk 15 Julie tot 14 Augustus. Dit bring die totaal sedert die vorige nuusbrief op 193,5mm. Huiseienaars wat op Shelley Point woon, sal die reën van 12 en 13 Julie onthou, toe 69mm binne 24 uur geval het. Dit is, volgens Henri, die hoogste reënval in een dag wat hy kon aanteken in die sewentien jaar wat hy reeds op Shelley Point woon en die totaal vir die tydperk van 1 Januarie tot 14 Augustus 2020 staan nou op 225mm. Julle sal ook bly wees om te verneem dat die Bergrivierdam, wat meeste van ons water verskaf, tans oorloop. Die Theewaterskloofdam staan tans op meer as 80%, 'n vlak wat dit laas in 2014 bereik het. Die totale damkapasiteit vir Groter Kaapstad is nou by 82%

'n Bekwalvis by Shelley Point gevind (Chris en Jenny Sivertsen):

Toe die mis genoeg gelig het dat 'n mens dit buite kon waag op Vadersdag, 21 Junie, is opgemerk dat 'n dooie walvis gestrand het op die rotse suid van die ligtoring. Sonder ooglopende beserings en net so raaiselagtig as die reuse-inkvis wat onlangs uitgespoel het, het dit dringende aandag vereis van mariene-wetenskaplikes. Die eerste persoon wat die owerhede gekontak het was Jacques Nel (via Sanra Conry se dogter), 'n natuurkundige wat passievol is oor alles wat met uile te doen het in St Helenabaai. Die Departement van Omgewingsake, Bosbou en Visserye (DEFF) wat strandings koördineer en die Twee Oseane Akwarium is in kennis gestel en reëlings is getref vir die volgende oggend.

Die DEFF was heel doeltreffend en het die volgende dag 'n reaksiespan uitgestuur (Deon Kotze en Steven McCue) met wye ondervinding van walvisse, dolfyne en robbe, wat kritiese monsters kon kom neem. Die walvis is geïdentifiseer as 'n manlike *Cuvier se bekwalvis,* 'n diepseewalvis wat selde in Suid-Afrikaanse kuswater opgemerk word. Monsters is geneem van die vel, die spek, die lewer, niere, longe hart, testes, die tong en die hele maag en die onderste kakebeen is verpak en vervoer na 'n mariene soogdier-

ontledingsfasiliteit by Paardeneiland, Kaapstad. Hierdie monsters sal bydra tot die ondersoek na die oorsaak van dood. Verdere monsters is geneem om te help met die karakterisering van die omgewing waarin die walvis geleef het. Dit sluit monsters in wat sal toets vir mikroplastiek en ander besoedeling. Omdat hierdie spesie meestal net in diep water voorkom, het dit 'n goeie geleentheid verskaf om ander biologiese parameters te verkry wat in internasionale walvisnavorsing gebruik sal kan word.

Die DEFF-span berei voor vir die disseksie

Cuvier se bekwalvis

Oor die algemeen beteken die stranding van so 'n dier dat iets verkeerd gegaan het. Daar word dikwels gefouteer deur lewende gestrande dier weer te probeer floteer, wat dan maar weer strand. Die monsters van gestrande karkasse is dus van kritiese belang vir die wetenskap. Lede van die publiek wat teenwoordig was, het iets besonders beleef toe hulle kon toekyk hoe hierdie manne deur hulle lys van monsters gewerk het, terwyl hulle baie inligting kon bekom uit die proses.

Hierdie walvis, 5,7m lank, het indrukwekkende voortande gehad, wat gebruik word om te domineer in die broeiseisoen. Die deskundiges het ons meegedeel dat dit 'n redelik oue manlike dier was – die spesie kan tot 40 jaar oud word. Hulle voedsel bestaan uit inkvisse en diepseevis en dit is bekend dat hulle die diepste kan duik van alle walvisse. In 2014 is gerapporteer, met behulp van satelliet- gekoppelde kenstrokies, dat 'n Cuvier se bekwalvis, aan die kus van Kalifornië tot 'n diepte van 2992 meter geduik het en langer as twee uur onder water kan deurbring voor dit na die oppervlak terugkeer. Maar die vreemde grys merke oor die hoofsaaklik swart liggaam het bewys dat iets hulle ook kan aanval! Die gryswit kolle, so is aan ons vertel, is ou littekens na byte van 'Cookiecutter'-haaie. Verder was die walvis se vleis deurtrek van parasiete en was daar enorm lange wurms in sommige van die organe. Die kenners het, sonder die voordeel van 'n laboratorium, geskat dat hulle waarskynlik die oorsaak van dood was.

Na die wetenskaplike hulle taak voltooi het, was dit die taak van die span van Vredenburg Soliede Afvalbestuur, onder leiding van Roberto Coetzee, om die karkas te verwyder. Dit was nie eenvoudig nie, want die gety en die gebrekkige toegang deur 'n oop erf het sake bemoeilik. 'n Kundige TLB-operateur en 'n span munisipale werkers het uiteindelik daarin geslaag om die enorme liggaam aan te sleep en op 'n trok te laai wat in 17de Laan gewag het.

Die DEFF en die plaaslike munisipaliteit moet geluk gewens word met die doeltreffendheid waarmee hierdie taak afgehandel is. Die samewerking tussen die twee instansies het beteken dat die maksimum inligting verkry kon word vanaf die walvis, terwyl die strand by Shelley Point in 'n ongeskonde toestand agtergelaat is.

'n Luiperdrob besoek Shelley Point:

Hieronder verskyn twee foto's (ook geneem deur Chris en Jenny Sivertsen) van nog 'n ongewone besoeker aan Shelley Point in middel Augustus. Dit is 'n luiperdrob, wat normaalweg net diep in die Antarktiese Oseaan aangetref word, maar wat besluit het om 'n meer gematigde klimaat op te soek vir 'n kort 'vakansie'. Hulle prooi bestaan gewoonlik uit ander robbe, pikkewyne vis en voëls, maar aanvalle op mense deur hierdie baie aggressiewe roofdiere is al aangeteken en inwoners en besoekers word aangeraai om maar afstand te hou.

Die jongste oor die Shelley Point voedselprojek:

Gedurende die laaste paar maande het die span van Shelley Point, onder leiding van Pieter en Charmaine Swanepoel, voortgegaan met die taak om kos te verskaf aan honger gesinne in die St Helenabaai-omgewing wat nooddruftig geword het as gevolg van die pandemie. In samewerking met KANSA, plaaslike kerke, 'n plaaslike radiostasie en, natuurlik, vrygewige gemeenskapslede is kospakkies ingesamel en aan behoeftiges uitgedeel. Verder is stapelvoedsel wat ook geskenk is, soos aartappels, rys, groente, vleis en meel afgelewer by 'kombuise' in sekere areas waar vrywilligers kos voorberei en aan honger mense verskaf het. Sedert die ontstaan van hierdie projek aan die einde van Maart tot die einde van Junie is reeds 20 000 maaltye verskaf en 200 kospakkies uitgedeel. Talle donasies van honde- en kattekos het ook gehelp om die troeteldiere te voed in gebiede waar die eienaars nie langer vir hulle kan sorg nie.

SPHEV KONTAKLYS			
Posisie	**Naam**	**e-pos**	**Telefoon**
Landgoedbestuurder	Norman Cowen	manager@sphoa.co.za	082 784 2920
Administrateur	Lindy Cowen	admin@sphoa.co.za	022 742 1309
Sekuriteitsbestuurder	Daniel Plaatjies	daniel.plaatjies@excellerate.co.za	082 615 4883
Excellerate Kontrolekamer	Beheerbeamptes	Nvt	022 742 1380 022 742 1888 066 359 4273
Gholfwinkel / Klubhuis	Gerilda Arendse	shelleypcc@gmail.com	022 742 1037
Gholfkaptein	John Huxted	john.huxted1@btinternet.com	
Rolbalkaptein	Liz Roberts	chezroberts@mweb.co.za	083 327 4349
Tenniskaptein			
Brugkaptein	Terry Mackintosh	didge28@gmail.com	076 600 4641
Joga	Derri Crockett	derri@sailing.co.za	
Gemeenskaps-kennisgewingbord	Chris Roberts	chezroberts@mweb.co.za	076 783 2035
SA Polisiediens	St Helenabaai		022 736 8060
SA Polisiediens	Landswyd		10111
Ambulans			10177
Selfoon nooddiens			112
WHATSAPP-GROEPE			
Posisie	**Administrateur**		**Telefoon**
Shelley Point Info	Karen Crooks Karin Board		082 823 0919 082 215 8423
Shelley Point Social Mob	Pieter Swanepoel Charmaine Swanepoel		079 607 2127 082 896 5491